


**Preekblaadjie Sondag 12 Julie 2026**
**Skriflesing Nehemia 8**
Die vreugde van die Here is ons toevlug

**Sleutelvers**: Nehemia 8:11: "Moenie neerslagtig wees nie, want die vreugde van die Here, dit is julle toevlug."

**Inleiding:**
Nadat die muur van Jerusalem in rekordtyd herbou is, kon die volk maklik gedink het dat hulle taak afgehandel is. Maar Nehemia verstaan iets belangriks: 'n Stad kan herbou word sonder dat mense herstel word. Daarom kom die volk nie hierdie keer bymekaar om klippe te pak nie, maar om na God se Woord te luister. Die fisiese herbou van Jerusalem moes nou gevolg word deur die geestelike herstel van die volk. Hier ontdek ons iets wat vandag nog waar is: God se Woord is sy bouplan vir die herstel van stukkende mense, stukkende gesinne en 'n stukkende wêreld.

**1. God se Woord is sy bouplan vir restourasie (dit is God se argitek tekeninge)**
Toe die volk by die Waterpoort bymekaar kom, vra hulle self dat Esra die Wetboek moet bring. Vir ure lank luister hulle aandagtig terwyl die Skrif voorgelees, verduidelik en toegepas word. Die wonderlike is dat God nie hulle lewens verander deur nuwe strategieë of politieke planne nie. Hy begin by sy Woord. Dieselfde geld vandag. Wanneer God mense wil herstel, begin Hy deur sy Woord.

Die Bybel is nie bloot 'n versameling mooi gedagtes nie. Dit is God se plan vir lewe. Soos iemand eenmaal gesê het:

> "The Word of God
> does the work of God
> in the lives
> of the people of God."

Ons aanbid nie die Bybel nie; ons aanbid die God van die Bybel. Maar Hy gebruik sy Woord om ons te vorm, te verander en te herstel.

**2. Maak God se Woord 'n geloofsgewoonte**
Die verhaal eindig nie by een indrukwekkende erediens nie. Ons lees dat Esra dag vir dag uit die Wetboek voorgelees het. Die volk ontdek dat geestelike groei nie deur enkele groot oomblikke gebeur nie, maar deur getroue, daaglikse gewoontes. Daarom praat ons as gemeente gereeld oor geloofsgewoontes soos Lectio Divina. Ons lees die Bybel nie om 'n blokkie af te merk nie. Ons lees dit omdat ons elke dag weer deur God gevorm wil word. Dink aan Daniël wat drie keer per dag gebid het. Dink aan Jesus wat, "soos sy gewoonte was", op die Sabbat na die sinagoge gegaan het. Goeie gewoontes vorm uiteindelik goeie lewens.

**3. God se Woord lei uiteindelik na vreugde**
Een van die verrassendste oomblikke in hierdie hoofstuk gebeur wanneer die volk begin huil. Hoe beter hulle God se Woord verstaan, hoe dieper besef hulle hulle eie sonde en tekortkominge. Maar dan sê Nehemia iets onverwags: "Moenie treur of huil nie." Vier keer word die volk aangemoedig om nie in hulle hartseer vas te steek nie. Waarom? Omdat God se bedoeling nooit is dat sy kinders permanent in skuldgevoelens moet leef nie. Hy roep hulle om fees te vier. Om saam te eet. Om saam te drink. Om met ander te deel. Om bly te wees.

Dan volg die bekende woorde: "Die vreugde van die Here is julle toevlug." Hierdie vers beteken nie dat ons sterk word omdat óns so bly voel nie. Dit beteken dat God se eie vreugde oor sy kinders die plek is waar hulle veilig is. Ons leef nie uit ons vreugde oor God nie. Ons leef uit God se vreugde oor ons. Dit is ook die hart van die evangelie. Jesus roep mense tot bekering, maar Hy laat hulle nie in skuld bly sit nie. Hy vergewe. Hy herstel. Hy gee nuwe lewe. Daarom kan ons met vreugde leef.

**Uitdaging vir hierdie week**:
- Lees elke dag 'n gedeelte uit die Bybel.
- Vra jouself drie eenvoudige vrae:
    - Wat leer hierdie gedeelte my van God?
    - Wat sê God vandag vir my?
    - Watter stap van gehoorsaamheid vra Hy van my?

Mag God se Woord nie net jou kennis vermeerder nie, maar ook jou hart verander en jou lewe hervorm.

**Gespreksvrae:**
1. Wat tref jou die meeste van die manier waarop die volk in Nehemia 8 na God se Woord geluister het? Wat kan ons as gemeente daaruit leer?

2. Waarom dink jy het die volk eers gehuil voordat hulle uiteindelik met groot vreugde fees gevier het? Het jy al iets soortgelyks in jou eie geloofslewe beleef?

3. Wat beteken die woorde "Die vreugde van die Here is julle toevlug" vir jou? Hoe verskil dit van die idee dat ons bloot positief of gelukkig moet probeer wees?

4. Watter geloofsgewoonte help jou die meeste om naby aan God te leef? Is daar dalk 'n nuwe gewoonte wat jy hierdie week wil begin vestig?

5. Die volk moes nie net fees vier nie, maar ook uitdeel aan dié wat niks gehad het nie. Hoe kan ons hierdie week God se vreugde op 'n praktiese manier met iemand anders deel?